



DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Redaksioneel

SAAMSTAAN

Van die laaste internasionale nuus is onder andere ook die gemeenskaplike geldeenheid wat in Europa uitgegee word. Daardeur is daar 'n norm vir die Europese gemeenskap om produkte, pryse en dienste met mekaar te kan vergelyk. Tegelykertyd is dit ook 'n konkurent vir die US dollar. Dit is amper asof die Europese gemeenskap op materieële vlak saamstaan teen die res van die wêreld. Staan ons as Christene ook saam teen die res van die wêreld?

Met 'n blad soos die Olielamp kan ons ons verskeie ervarings met mekaar deel.

Probleme, benaderings of blye ervarings kan met mekaar gedeel word. Dit kan slegs suksesvol funksioneer indien die meerderheid lesers(liewers almal) reaksie gee op artikels wat geplaas is. Dit is die enigste manier waarop diskussies ontstaan. Probleme wat by jeugverenigings nie opgelos is nie of waarvoor daar nie 'n pertinente antwoord gevind is nie moet geplaas en bespreek word.

Ons hoop julle geniet hierdie uitgawe.

J de Vries

INHOUD

Uit die Woord	Bekering en Getuienis	Ds Christo Heiberg	2
	Gesag van God d.m.v. die owerheid	Sandra Scheltens	3
	Paasfees	Herman de Jager	4
	Ons Kultuuropdrag		5
Oppad	Die dag van die Here	Nonka Byker	7
	Gees en Siel	Jacomien Bijker	8
	Verantwoordelikheid t.o.v. ouderlinge	Floris Antonides	10
	Ons verhouding met ons ouers	Padda van der Vinne	11
	Voor en na die sondeval	Erika Ros	12
	Werksetiek	Renier Raimond	13
Voel jy ook so?	Genetiese siektes	Iman van den Bout	13
	Dinge wat mense doen	Hilde Ros	14
Rehobot	Die Olielamp in Rusland	Dirk Boon	15
	Jeug quotes		16

BEKERING EN GETUIENIS IN BYBELSE PERSPEKTIEF (I)

Ds. Christo Heiberg

BEKERING

Geloof en bekering onafskeidbaar
 Geloof en bekering is die tweeling vrug van die wedergeboorte. Dit is ook die onmisbare tekens of kenmerke van die wedergeboorte (sien Dordtse Leereëls hoofstuk III/IV). Geloof en bekering is onlosmaaklik van mekaar. In die Skrif word die twee sake dikwels saam genoem (Markus 1:14), of, wanneer slegs die een genoem word, word die ander daarby inbegrepe (bv. Luk. 24:47, Hand. 2:38). Ware geloof is bekerende geloof, en ware bekering is gelowige bekering. Geloof is die hartsoorgawe van die hele mens aan God, op grond van Sy genadige ontferming in

Jesus Christus oor my as sonaar. Dit sien Jesus Christus vir Wie Hy is, as die Enigste Heiland. Bekering is die hartlike afkeer van alle bewuste ongehoorsaamheid en sonde tot die wil van God. Verder rig bekering hom ook op die konsekwente navolging van Jesus Christus as Enigste Here en die kruisiging van my eie sondige wil en begeertes. Dit is daarom duidelik waarom geloof en bekering noodsaaklik as die weg waarlangs (let wel nie die grond waarop nie) ons vergifnis van sondes ontvang (vgl. Luk. 24:47 en Hand. 2:38), as God se kinders aangeneem word en die koninkryk van die hemele binne gaan.

Redaksies:

Pretoria:

Redaktrise: Marieke de Wit (marieke@global.co.za)
 Sekretaresse: Iemke Buenk
 Penningmeester: Johan Moes
 Lede: Rinus Kamphuis
 Tineke de Vries
 Tegnies: Bijker Broers (dieolielamp@usa.net)

Maranata:

Redakteur: Johannes de Vries
 (johannes@getafix.ef.techpta.ac.za)
 Penningmeester: Gerjan Hagg
 Lede: Annemarie de Vente
 Axel Hagg

Kaapstad:

Artikelversorging: Dirk Boon
 Erik van Alten
 (luctor@mweb.co.za)
 Finansies: Christine v/d Linden
 Mirjam Raimond
 Bladuitleg: Maartje Eefting

Johannesburg:

Redaktrise: Esther Kuyvenhoven
 (secuplus@global.co.za)
 Lede: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
 Marie-Louise Kuyvenhoven

Ons hoop om *Die Olielamp* 8 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar is by die volgende internet adres:
<http://members.tripod.com/~dieolielamp/>

Koste: R35 per jaar

Bekering altyd tweeledig

Meer spesifiek oor bekering self. Dit bestaan in die ware hartskenis en wegkeer van die sonde in die lig van die kruisevangelie van God se liefde (M.a.w. geen bekering sonder geopende oë vir God se liefde in Christus nie). Maar bekering is ook 'n toekeer tot die volkome wil van God, soos geopenbaar in Sy Woord ("Wat wil U hê moet ek doen Here?" het die pas bekeerde Paulus gevra). Dit het dus 'n negatiewe en 'n postiewe kant. Wanneer een van die twee ontbreek kan daar nie werklik sprake wees van egte bekering nie. Tereg leer die Kategismus (So. 33, vraag 89 en 90) dat hierdie wegkeer en toekeer vanuit die hart geskied en nie bloot in uiterlike gedragsverandering bestaan nie.

Meer besonder oor die wegkeer: Bekering is altyd van binne uit 'n ware erkenning van my sonde, 'n ware berou en skaamte daarvoor, 'n ware belydenis daarvan aan God (en aan my naaste waar nodig), 'n ware haat vir my sonde en 'n ware wegvlug daarvan (vgl. Psalm 51 en die gelykenis van die Verlore Seun). Die mens wat hom bekeer moet ook bereid wees om alles wat hom kan laat struikel, sover moontlik uit sy lewe te sny (sien Mat. 5:27-30). Insgelyks is die toekeer 'n hartlike nuwe insig in, en totale instemming tot, die volkome wil van God, asook die opregte voorneme en wil om volgens al Sy Woorde te lewe. Dit alles gebeur bewustelik voor God se aangesig en in opregte vrees vir Hom wie se liefde en genade jy persoonlik gesmaak het. "By U is vergewing dat U gevrees mag word" sê Psalm 130:4.

Verandering van die hart

Bekering is altyd die uitvloeiing van 'n fundamentele hartsverandering, van jou verstand, jou wil en gevoel (sien bogenoemde hoofstuk in DL, veral par. 11). Jy dink anders, jy voel anders en jy wil anders ten opsigte van God, jouself, jou sonde, jou naaste en die wêreld. Dit is die onbetwisbare bewys dat die mag van sonde in jou lewe gebreek is en jy nou onder nuwe bestuur staan, naamlik dié van Jesus Christus (Rom 6: 17).

Elke mens wat salig wil word moet tot bekering kom. Niemand is vanselfsprekend bekeer nie. Uit bostaande is dit duidelik dat blote kennis van die geloof, of 'n goeie morele lewe geen bewys is van bekering nie. Ook die feit dat iemand soms skuldig voel oor sy/haar sonde is nog geen bewys van bekering nie. Ons gaan ook fout wanneer ons dink dat bekering altyd bestaan in 'n radikale morele verandering in iemand se lewe (soos by Sageus), of 'n radikale intellektuele verandering (soos by Paulus). Dan dink ons dat bekering slegs nodig is vir die morele 'drop-outs' en/of mense wat dwaalleringe geglo en Christus openlik verwerp het. Nee, die radikaliteit van ware bekering bestaan nie soseer in radikale morele of intellektuele verandering nie (dit sal afhang van persoon tot persoon) maar van 'n radikale hartsverandering. Dit het almal nodig, die heidene en die verbondsmense. God se doel met die verbond is juis om ons tot bekering en geloof te bring (Rom. 2:4).

Dramatiese bekeringservaring?

Moet elkeen 'n spesifieke dramatiese bekeringservaring ondergaan? Hoegenaamd nie. Dit is eerder die uitsondering (ook by heeltemal ongelowiges wat tot bekering kom!). Sulke dramatiese bekeringservarings is nogtans nie verkeerd nie, en solank dit maar uitloop op ware

navolging van Christus mag ons dit nimmer geringskat nie, want dan is dit God se werk. Sulke bekerings kan selfs in die verbondsgemeente plaasvind en ons moet ook daarvoor ruimte laat. Alhoewel sulke dramatiese bekerings dus die uitsondering is, moet elkeen wat homself 'n Christen wil noem wel die volgende deeglik weet: Dat ek bewustelik met my eie sonde en skuld voor God se aangesig geworstel het en daarmee na Jesus Christus gekom het in opregte geloof en ware bekering, en uit Sy hande God se gawes van vergifnis en vrede ontvang het. In hierdie sin moet almal tot bekering kom wat die hemelryk wil binnegaan.

Wie eenmaal waarlik tot bekering gekom het, sal deur die krag van die Heilige Gees volhard in 'n lewe van heiligmaking (daaglikse bekering) waarin jy die sonde hoe langer hoe meer afsterf en hoe langer hoe meer gelykvormig word aan die beeld van Christus. Die heiligmaking is onmoontlik sonder die aanvanklike bekering tot God, maar enige 'bekering' wat nie tot voortgesette heiligmaking lei nie, was skyn en bedrog.

Ware bekering die werk van die Heilige Gees. Uit alles wat hierbo gesê is behoort dit duidelik te blyk dat egte Bybelse bekering (alhoewel dit die handeling van die mens is) onmoontlik is sonder dat God die mens daartoe lewend maak deur Sy Woord en Gees. Bekering lê nie binne die mens se eie vermoë nie. Alhoewel ons dit moet soek kan God dit alleen skenk. In die woorde van die Evangelie van Johannes: ons moet na Jesus toe kom, maar ons kan nie kom as die Vader ons nie trek nie (vgl. Joh. 5:44). Ons moet maar ons kan nie. Dit geld ook vir bekering. En tog eis God dit van ons. Alles wat Hy eis, sal Hy ook skenk aan dié wat Hom daarom smee en dit hartgrondig begeer (Jer. 29:13).

GESAG VAN GOD D.M.V. DIE OWERHEID

Sandra Scheltens

In God se koninkryk is daar gesagstrukture. God self is die Koning aan Wie ons gehoorsaam moet wees. Maar ter wille van die ordelike reëling van die sake van sy Koningryk stel Hy ook ander gesagdraers aan. En hier lê nogal 'n knoop wat ons soms baie moeilik vind om deur te haak. Ons is bereid om aan God gehoorsaam te wees, maar

ons ouers, onderwysers en die owerheid is nou 'n ander saak. Vir God is dit nie 'n ander saak nie. Al hierdie mense wat oor ons aangestel is, is die verlengstuk van gehoorsaamheid aan God. Hulle is almal op die een of ander wyse God se verteenwoordigers.

Die Christen en die Staat

Die gelowiges mag nie die belangrike taak van die owerheid misken of aan die owerheid ongehoorsaam wees nie. As rede daarvoor dat 'n mens hom moet onderwerp aan diegene wat hulle "bokant hom bevind", gee Paulus aan dat die owerhied 'n Goddelike instelling is. Gevolglik is die onderwerping aan die owerheidsgesag vir die gelowige 'n saak van die gewete, want hy doen dit ter wille van God wie se gesag hy in die owerheidsgesag eer.

Straf soos deur die owerheid toegepas

In die straf van die owerhied tree ook die straf van God self na vore. Die owerhied verteenwoordig God se instelling en voer daarmee ook God se straf uit. Die owerheidsamp is daar om die kwaad teen te staan en die goeie aan te moedig. Hy is 'n dienaar van God wat binne die ordening van God moet bly. Verwerping van die wettige gesag, solank daardie gesag binne die grense wat God gestel het, uitgeoefen word, is sonde.

Artikel 36 van die NGB handel ook oor die owerheid. Ons gelydenis sê waarom die Here die owerheid ingestel het. Dit is vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag.. Ons glo God wil die rustige lewe op aarde in stand hou.

Ons glo God wil die rustige lewe op aarde in stand hou. Daarom is daar owerhede en konings en vorste

Daarom is daar owerhede en konings en vorste. Hierdie beginsel is eintlik vasgelê in die huisgesin. Kinders word gestel onder die gesag van hulle ouers en moet hulle daaraan onderwerp en gehoorsaam wees. So plaas God ons vanaf ons geboorte onder die gesag en beskerming van ons ouers en owerhede.

'n Christelike owerheid

Ook teenoor 'n goddelose owerheid sal die gelowige respek moet betoon, hoewel die situasie kan opduik dat 'n owerheid wat sy grense te buite gaan, nie meer deur die gelowiges erken of gehoorsaam sal kan word nie. Maar wat gebeur as die owerheid sy eie magsgrense oorskry of onregverdige wette maak? 'n Owerheid kan vanselfsprekend sy mag misbruik en daar

kan wel vir 'n onderdaan die tyd aanbreek dat hy moet maak soos Petrus en Johannes in Handeling 4:19,20 en Handeling 5:29. Ons mag dus nie aan die owerheid gehoor gee wanneer hy ons beveel om dinge te doen wat in stryd is met die Woord van God nie.

Wetsgehoorsaamheid is ons plig – ja, ons roeping. Laat ons dan ook vir ons owerheid bid en vir dié van ander lande.

PAASFEES

Herman de Jager

Die naam Paasfees kan ons saamvat onder die woord Pasga, of die sg. Fees van die ongesuurde brode.

Ontstaan van die Pasga

In die maand van die uittog uit Egipte het die Here Moses en Aaron beveel dat in Israel, op die veertiende dag van die tiende maand Abib, elke gesinshoof, 'n jaaroudlam sonder gebrek, moes neem, dit slag en die bloed aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel stryk. Van die vleis, bitter kruie en ongesuurde brode wat daarmee saam geëet moes word, mog niks oorbly tot die volgende oggend nie. Die bitter kruie by die Paasmaaltyd moes herinner aan die bitter verdrukking in Egipte. Op die eerste en sewende dag van die Pasga, moes daar 'n heilige samekoms wees en op die tweede dag moes die eerstelinggerf van die garsoes voor die Here

beweeg word. Elke dag moes daar ook feesoffers gebring word.

Betekenis van die Pasga

Die Pasga is die fees van die sparende verbygaan van die Here. "As ek die bloed sien, sal ek by julle verbygaan"(Ex 12:13). Dit dui op die feit dat hulle deur die bloed van die lam gespaar gebly het van die oordeel wat die Here gebring het in die 10de plaag; die dood van die eersgeborenes. Die fees van die ongesuurde brode het verwys na die haas waarmee hulle uit Egipteland uitgetrek het. Dit was dus 'n offer, gevolg deur 'n offermaaltyd.

Vervulling van die Pasga in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament (N.T.) vind ons 'n sinnebeeldige betekenis van die Paasfees in Joh 1:29,30 en 36.

“Daar is die Lam van God wat die sonde van die wereld wegneem!” Dit is voor die handliggend om aan die lam te dink wat by die Pasga geslag word. Maar dit verwys verder ook na die Knecht van die Here in Jes 53 van wie gesê word: “...dat Hy soos ‘n lam is wat na die slagplek gelei word”.

Al hierdie uitsprake stel dit duidelik dat die sterwe van die Lam ‘n genoegsame offer was om die sonde van die wêreld weg te neem. Die bloed van die Lam reinig van die smet van die sonde en verlos uit die mag van die sonde.

In Mark 10:32 begin die beskrywing van die gang van die Here Jesus na Jerusalem. Markus deel die naam van die blinde man mee, wat Hom gehuldig het as die Seun van Dawid, Bar-Timeus. Jesus neem hom saam na die stad van Dawid, waar Hy sy intog gaan hou.

Die uur van die Seun van die mens

En dan begin Markus die uur dateer. “In die more vroeg...” (Mark 14:1), op die eerste dag van die ongesuurde brode (Mark. 14:12). In die more vroeg, het die owerpriesters saam met die ouderlinge en skrifgeleerdes en die hele raad ‘n besluit geneem, en nadat hulle Jesus geboei het, het hulle Hom weggelei en aan Pilatus oorgelewer. Toe die sabbat verby was (Mark 16:1). En in Mark 16:2 “En op die eerste dag van die week, net na sonop kom hulle by die graf...” Al hierdie tydsbepalings moet gerangskik word onder die een tydsbepaling van Mark 14:41 “Die uur het gekom. Kyk die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van die sondaars.” Die lyding van die Here Jesus kom nie as ‘n noodlottige ongeluk nie. Hier word God se raadsplan uitgewerk soos wat dit in die skrifte

opgeteken staan (Mark14:21). Die Seun van die mens gaan wel heen soos daar van Hom geskrywe is (Jes 53). Die Vader reken sy Seun onder die sondaars.

Behalwe van die lydensure, is daar nog van een beslissende uur ter sprake (Mark.13:32). “Maar van daardie dag en daardie uur weet niemand nie.” Daar kom dae van gruwel (Mark 13:14).

Die gerig sal hom voltrek oor die verbondsvolk, wat hul eie Messias verwerp het.

Vanuit hierdie gesigspunt kry die beskrywing van Jesus se oorlewering ‘n ontsaglike krag. Watter een word gekies? Ons sien dat die Jode die rewolusionere Barabbas kies. Die Hoeksteen word verwerp. En die priesters staan vooraan as daar geskreeu word: “Kruisig Hom!” Jesus moet die uiterste vloek dra. Egiptiese duisternis oor die hele Jerusalem. Jerusalem het deur die offer van Christus soos Egipte geword (Openb 11:8). Die tempelgordyn kan nou wel skeur. Jerusalem het gekies vir die uur van die gerig.

Die Pasga tot ons redding

Maar die evangelie van die Lam dwing ons tot ‘n keuse voordat dit te laat is. Wat in die pinksterpreek van Petrus deurklink, beluister ons ook hier:”Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag”(Hand. 2:40).

Deur die lydensure as verlossingsure te aanvaar, kan mens die oordeelsuur ontgaan(1Petr. 2:4). Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense verwerp is, maar deur God uitverkore en kosbaar is.

Maar aan verwerpers en verloënaars, soos Petrus, word vergewing geskenk. Ook vir ons wat die Pasga vier, is daar vergewing van sondes deur die lyding, sterwe en opstanding van Christus.

ONS KULTUUROPDRAAG

Inleiding gehou op OJV, 27 Januarie 1998

Die vraag wat Christene se taak hier op aarde is, is seker een van die mees fundamentele tot ons daaglikse lewe. Het ons 'n opdrag op hierdie aarde? Wat is dan hierdie opdrag? Het Jesus nie hierdie opdrag vir ons volbring nie? Hierdie lewe is mos net 'n deurgang na die ewige lewe toe? Hierdie is vrae wat prakties na vore kom in ons uitlewing op die gebiede van politiek, ekonomie, omgewing etiek en vele meer.

Wat is die kultuuropdrag?

Ons vind die sg. Kultuuropdrag in Gen 1:28. In twee woorde opgesom: bewoon en bewerk hierdie aarde.

Wat is kultuur?

Dis nie so maklik om 'n definisie van kultuur te gee nie. Normaalweg dink ons eerste aan kuns, musiek skilder ens. Waar plaas ons die tegniese ontwikkeling van hierdie eeu? Die ontwikkeling in gesondheidsorg? Die snelle opmars van die rekenaar? Genetiese manipulasies? En al sou ons met sommige van hierdie dinge niks te make he nie, in watter opsig vervul ons dan ons kultuuropdrag?

In 'n opsomming van Schilder se boek Christus en Kultuur definieër ds. Van Gurp kultuur as die

strewe van die mensheid om alle aanwesige kragte in die Skepping te ontdek, te ontplooi en diensbaar te stel aan ander in gehoorsaamheid aan die Woord van God (Van Gurp, 1991:24).

Dit is die kultuur van die Paradys: om medearbeider te wees vir God. Die ambsdiens is dus om God te dien in ons gewone daaglikse lewe.

Wat sê Jesus oor kultuur?

Jesus se lewe op aarde het nie in die kader gestaan van groot musiekskeppings en ander sg. kultuurdade nie. Hy het sy mense uit die vissersbedryf uitgehaal - geen groot Griekse kultuurmense nie, nee gewone vissers. Hy het melaatses gesond gemaak maar geen hospitale gestig nie. Hy het wel blindes gesond gemaak, maar geen blindesorg georganiseer nie. Hy het sy skrywers evangelies en boeke laat skryf, maar die taal was die algemene volkstaal, sonder enige kunsstyl. Het Jesus wel 'n voorbeeld gestel in die uitlewing van Sy kultuuropdrag? Die leser voel heel moontlik aan dat die vraagstelling heeltemaal verkeerd is. Ons moet kyk na die breë lyne van Jesus se lewe op aarde om 'n antwoord te kry.



Jesus Christus was naamlik na liggaam en siel beheers deur die ambsdiens. Om te sterf vir ons sondes was Sy groot opdrag. Vanaf Pinksterfees is Hy werksaam aan die regterhand van God.

Sonde en kultuur

Die stryd om ons kultuuropdrag hier op aarde uit te leef is die dieselfde stryd as die tussen slange en vroue saad. Met die sondeval het ons die ruime blik op die samehang van God se Skepping verloor. So het die skeiding tussen godsdiens en kultuur gekom.

Kain en sy nakomelinge het groot stede gebou, die aarde bewerk en groot tegnologiese vooruitgang gemaak. Adam en sy nakomelinge het die godsdiens aanvaar en laat dikwels die kultuur aan die heidene oor. Dit gaan mos oor die hart en die hemel en nie oor sake buite op aarde nie? Die skeiding godsdiens en kultuur het 'n realiteit geword.

In beide gevalle kan ons praat van sonde: aan die een kant die wat kultuur sonder God wil bedryf en aan die ander kant hulle wat godsdienstig is maar vergeet van die opdrag om die aarde te bewoon en bewerk.

God bly Sy skepping vashou. Ook hulle wat sonder God kultuur wil bedryf is gebind aan die natuur. Die mens sal nooit in staat wees om die natuurlike gang van sake in God se skepping te vebreek nie: Hy bly bou, eet, drink ens.

Is kultuur vir almal: gelowiges en ongelowiges?

Of kultuur 'n vrug van sg. algemene genade is, is 'n saak waarvoor lank gedebatteer en nog steeds gedebatteer word. Kyk na die pragwerke van die Maya's, Inca's, Swart stamme in Afrika en dan sien mens wat kultuur is. 'n Mens kan mos jou beide oë sien hoe mooi dit alles is? Dis die vrug van algemene genade. Nog voorbeelde: Ongelowiges is ook goeie siekeversorgsters, omgewingsbewaarders, sosiale versorgsters ens.

Is dit waar? Alles wat nie uit die geloof is, is tog sonde? Gaan lees self verder in NGB artikel 14, Dordse Leerreëls hfst III/IV, 4.

Egte kultuur is gerig op God. Die nederige werk tot Gods eer is 'n groter kultuurdaad dan die mag van die Inca's. Reformasie is kultuurgenesing, al gaan dit ook gepaard met die weghaal van beelde uit die kerk.

Natuur en genade

Van vroegste tye af aan is daar die fout gemaak om natuur en genade van mekaar te onderskei. Aan die een kant lei tot Piëtisme: wêreldmyding en aan die ander kant tot wêreld vereenselwiging. In die Reformasie is hierdie onderskeid ongedaan gemaak. Christene was ook handelaars, Christene het ook beeldhouwerk gedoen, Christene het ook geskilder en musiek gemaak. Dus Christene gaan op in die aardse? Nee, Christene is besig om getrou te wees aan hulle kultuuropdrag.

Christelike kultuur

Die uitspraak "wat nie uit die geloof is, is sonde" kom baie kras oor. Die gee egter onderskeid aan Christelike kultuur: 'n egte gemeenskap in die geloof. Ons leef saam met ongelowiges in hierdie wêreld, ons werk in dieselfde natuur, met dieselfde materiaal ens. Tog is die een kultuur en die ander nie. Die doel en rigting waarom Christene dit doen moet anders wees. Desnieteenstaande ontwikkel die Antichris die Skepping tot groot hoogtes. 2TES 2:9 praat daarvan as "wonders van die leuen".

Maar waarom kan die ongelowige dit alles doen? God laat hom nog toe. Die Satan is nog gebonde. Die ontploffing van antichristelike kultuur kom voort uit die werk van ongelowiges. Openbaring 13 word hierin gerealiseer.

Praktyk

Met hierdie begrip van kultuuropdrag moet ons besef dat dit 'n saak van MOET is en nie van MAG of WIL nie. Ons het 'n opdrag om te lewe. Werk en ontwikkeling is alleen getrou aan ons opdrag as dit 'n uitlewing is om God daardeur te eer. Die rentmeesterskap wat ons oor Sy Skepping het bring baie verantwoordelikhede mee.

Wat hou dit in vir ons roeping as kerk? Ons houding ten opsigte van ons omgewing? Die manier waarop ons tegnologiese dwaashede verafgod? En so kan elkeen nog veel meer toepassings uitdink.

Ons is almal in Adam skuldig aan hoe die wereld lyk. Maar ons leef uit genade - Christus het vir ons gesterf. Ons het die enigste lewende boodskap tot ewige redding. Leef ons ons kultuuropdrag uit? Of sit en wag ons net op die jongste dag? Ons het 'n opdrag. Doen iets daarmee, maar doen dit tot eer van God.

Oppad

DIE DAG VAN DIE HERE

Nonka Byker

Het jy al gewonder: Waarom laat God soveel ellende toe in die wêreld? Sekerlik kan dit Hom nie behaag om soveel 'onskuldige' mense in pyn en verdriet te sien nie? Waarom gryp God nie in in wêreldsake nie? Waarom sien ons so min die vrugte van hulle wat waarlik gereformeerd wil wees? Waarom is die wêreld 'n plek van soveel hartseer? Hoekom doen God nie iets aan hierdie krom en verdraaide wêreld nie?

Maar God het iets gedoen aan die onheil van die wêreld! Hy het die oordeel van water oor ons gestuur in die dae van Noag toe die wêreld, met uitsondering van agt mense, vernietig is. God het 'n nuwe begin gemaak, maar ons is so besmet deur die sonde dat ons ons nie eers laat afskrik deur die oordeel van die lewende God nie! Die wêreld het nie 'n beter plek geword nie, omdat die mensdom nie beter geword het nie – in 'n oogwink was die wêreld na die sondvloed weer in net so 'n wantoestand soos altyd.

Die dag van die Here kom

Petrus skryf dat “die dag van die Here sal kom soos ‘n dief in die nag” (2 Pet 3:10). Hoe gaan 'n dief te werk? Sit hy 'n advertensie in die plaaslike koerant sodat almal op hoogte kan wees van sy volgende slinkse plan? ‘Tuurlik nie! Dit

sal mos grens aan belaglikheid! Nee, 'n dief slaan toe wanneer jy dit die minste verwag. Jesus sê hiervan in Matt 24:42-44: “Waak dan, omdat julle nie weet watter uur die Here kom nie. Maar weet dit: as die huisheer gewet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak het en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie. Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie”. Ons moet in afwagting uitsien na die koms van die Here. Paulus skryf dieselfde aan die Thessalonicense as hy sê: “Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos ‘n dief in die nag” (1 Thes 5:1-2). Selfs Jesus Christus, die seun van God, weet nie die uur van die wederkoms nie (Matt 24:36). Waarom sal die fynste besonderhede dan aan ons bekend gemaak moet word? Sodat ons

onself daarvoor kan bekommer? Nee, maar ons taak lê wel daarin om voorbereid te wees op die koms van Christus! Op hierdie dag sal alles vernietig word: “... waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand” (2 Pet 3:10).

Hoe moet ons dan lewe?

Ons moet heilige en Godvresende lewens lei. Ons moet die siening van die wêreld wat sê “jy leef net eenkeer –



geniet jouself terwyl jy nog kan” (asof ons onself nie in die hemel gaan geniet nie!) afsterf en aanneem wat God in Sy Woord sê: “Terwyl al hierdie dinge dan verbygaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie?” (2 Pet 3:11). (Ondersoek jou lewenswandel en motiewe...!) Ons word opgeroep om uit te sien na die dag van die Here (2 Pet 3:12). Ons moet uitsien na “... nuwe hemele en ‘n nuwe aarde waarin geregtigheid woon” (2 Pet 3:14). Petrus sê ook dat ons die dag van die Here moet verhaas. Hoe is dit moontlik?! Deur vurige gebed en ywerige evangelisasie. Bid die gebed van 1 Kor 16:22: “Maranata” – kom Here Jesus, kom gou! Ons moet bid vir die koms van die dag van die Here, omdat alles op hierdie dag volbring (en volmaak!) sal wees (Matt 6:10). “Die Here verdraag nie Sy beloftes soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom” (2 Pet 3:9). Die eindtyd kom, wanneer ons uitgaan op die paaie en op die lanings en hulle dwing om in te kom, sodat die huis vol kan word (Luk 14:23).

Waar vind ons hulp?

Die enigste plek waar ons hulp en leiding vind is uit die Heilige Skrif. Die Bybel is die enigste plek waar ons kan leer wat dit is om werklik te

léwe! Bloot omdat die Bybel soms ‘n moeilike boek is om te verstaan, is geen rede om die onderwys daaruit in die wind te slaan nie. Geen Christen sal groei as hy of sy net Psalm 23 oor en oor lees nie. Nee, ons moet met die Bybel se hele inhoud worstel! (Hierin is JV ‘n groot seën – ons kan mekaar help verstaan wat die Here van ons vra in ons lewens...) Gryp elke kans aan om die Here te verkondig: “Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge; waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al Sy heilige profete” (Hand 3:19-21). Die dag waarop God Sy seun Jesus Christus na die aarde sal (terug)stuur is besig om vinnig te nader, “omdat Hy ‘n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur ‘n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek” (Hand 17:31).

Ons weet nie wanneer hierdie dag sal wees nie, maar ons kan (en moet!) seker wees dat ons reg is om ons glorieryke Koning op die wolke te ontmoet!

GEES EN SIEL

Jacomien Bijker

Ek het al baie gewonder (as verpleegster); terwyl ek by iemand staan wat besig is om te sterf; of watter tydstop die siel opgaan na die hemel, en of die siel wel hemel toe gaan! En wat gaan na die Here; die gees of die siel? Ons het op vereniging ook al baie gewonder wat die verskil is tussen 'n gees en 'n siel. Nog nooit het ons regtig op 'n antwoord gekom nie. Waarom moet ons dit ook eintlik weet? Tog het dit my wél interessant gelyk, om te kyk in die bybel, deur middel van die bybelkonkordansie, of daar 'n duidelike onderskeid is tussen gees en siel.

Dit was moeilik om 'n definisie te gee vir siel en gees sodat die verskil duidelik uitkom, maar ek het wel agtergekom dat die siel meer die lewe in totaliteit voorstel, terwyl die gees eerder 'n gemoeds- of denkende toestand aandui.

Dat daar 'n verskil is tussen die siel en gees van die mens, is wel duidelik. Sekere tekste in die bybel onderskei tussen die gees en siel van die mens byvoorbeeld in 1 Thess 5:23 stuur Paulus

en Timotheüs groete aan die gemeente van Thessalonicense en sê dan ook: "En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus.

In die brief van Hebreërs word daar gewaarsku, in hoofstukke 3 en 4, teen die ongeloof en ongehoorsaamheid en word daar dan in Heb 4:12 gesê: "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagte van die hart.

In die konkordansie het ek die tekste gevind, waarin die woorde gees en siel gebruik is; maar voordat ek bietjie breër daarop ingaan, gee ek eers die definisies in die HAT.

In die HAT; 1994, lui die definisies vir die gees en siel soos volg:

Gees:

- 'n Lewegewende beginsel in die mens
- 'n Siel
- Onstoflike element in die mens wat hom 'n denkende, voelende, willende wese maak
- Persoon ten opsigte van sy verstandelike en morele begaafdheid bv. Hoe groter gees hoe groter bees (Groot begaafdheid en slegte gedrag gaan dikwels hand aan hand.
- Denkvermoë of verbeelding bv. In die gees by iemand wees.
- Verouderde naam vir spiritus ("spirits" of alkohol).

Siel:

- Onstoflike deel van die mens, setel van gevoel, wil en gedagte.
- Lewende beginsel van Goddelike oorsprong wat as onsterflik beskou word.
- Persoon, of menslike individu bv. 'n gemeente met 800 siele.
- Vernaamste, onmisbaarste deel van iets; die werkende krag in iets.
- Dryfkrag. Soos die spreekwoord sê: Geld is die siel van alles. Met geld kan jy alles doen.



Greijdanus sê dan ook in die Korte Verklaring dat die siel wel meer male in die Woord die gehele mens aandui, soos ook wel gebruik word in Gen 46: 27 (...siele van die huis van Jakob wat in Egipte gekom het, was 70). Sô ook in Hand 2:41: Die eerste bekeerdes was omtrent 3000 siele. Maar die siele van die onthoofdes dui juis op die verskil tussen die liggaam en die siel.

In die bybelkonkordansie word die woord siel meermale gebruik vir die woord lewe. Dit is moontlik omdat die woord siel, die hele wese van die mens aandui. Bv. In Matt 10:39 staan "Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om my ontwil, sal dit vind". In die konkordansie is dit as volg aangehaal: "Wie sy siel vind sal dit verloor"

Ook in Matt 10:28 word daar gesê dat jy nie dié moet vrees wat die liggaam doodmaak nie, maar dié, wat liggaam en siel doodmaak. Daar gaan dit dus oor die wat die lewe vernietig. Die ewige lewe.

Die konteks waar in ons die woord gees lees, dui duidelik nie, soos die woord siel, op 'n totale wese nie.

In Ex 28:3, word daar gedui op die gees van wysheid. Tog kan ons aanneem dat daar 'n besondere wysheid moes nodig wees, afkomstig van God om die heilige klere van Aäron die hoëpriester te maak.

Dié gees van wysheid verskil met die Gees van wysheid waarmee Josua vervul was (Deut 34:9). Daarmee word bedoel die Heilige Gees wat Josua vervul het, sodat hy met beleid kon optree. Job het ook in sy benoudheid van sy gees, tot God gespreek (Job 7:11) en die gees van Agab was verbitterd omdat Nabal nie sy wingerd wou verkoop nie. (1Kon 21:5). Die woord gees dui hier 'n soort van gemoedstoestand aan.

Dit word ook wel soms met siel gebruik. Veral in Ps.119. My siel vergaan van verlange, drup weg van kommer, smag na U heil.

In Matt 5:3, is die bekende spreuk oor die wat arm van gees is. In die verklarende bybel word daar die uitleg gegee dat dit die nederige mense is wat bewus is van hul tekortkominge. Die woord gees sluit weereens nie die totale lewe in nie, maar dui 'n denkende en verstandelike vermoë aan.

Die definisies kom baie ooreen, en die HAT was nie van veel waarde nie, aangesien dit sê dat die gees 'n siel is. Die vernaamste verskil wat hieruit duidelik kom is dat die siel 'n lewende beginsel is van Goddelike oorsprong (terwyl die gees slegs 'n lewegewende beginsel in die mens is) en dat die siel die vernaamste deel is van iets.

Maar kom die verskille ook uit in die Bybel? Kom ons kyk.

Gen 2:7 is 'n prominente teks waarin die woord siel gebruik word. Dit is waar God die mens skep, en deur asem in sy neus te blaas, dat hy 'n lewende siel word. Dit is 'n besondere daad van God, waar ons onderskei word van diere. Volgens Die Bybel met verklarende aantekeninge beteken die woord siel hier persoonlikheid of wese.

Lev 17:11 - "die siel van die vlees is in die bloed". Die bloed is die draer van die lewe en deur die lewe van 'n offerdier te offer vir God word die lewe van 'n offerdier gegee vir die lewe van die offeraar. So word daar vir hom versoening gedoen by God.

In Openbaring 20:4 sien Johannes die siele van die wat onthoof is op die trone in die hemel.

Dit is moeilik om defintief te sê wat 'n gees en siel is. Miskien is daar iemand wat meer kennis daaroor het, wat dit beter kan duidelik maak. Die

verskil wat ek kon vind is dat die siel meer die lewe en sy totaliteit voorstel, terwyl die gees eerder 'n gemoeds- en denkende toestand aandui.

ONS VERANTWOORDELIKHEID T.O.V. DIE OUDERLINGE

'n Goddelike aanstelling

Floris Antonides

Om 'n goeie beeld te verkry van die ouderlinge en hul posisie in die gemeente, is dit belangrik om die gemeente se verantwoordelikheid ten opsigte van die ouderlinge te besef.

Dit kan maklik gebeur dat hier slegs gedink word aan die aandeel wat die gemeente het in die aanstelling van die ouderlinge. Hierdie aandeel is immers omvangryk; die gemeente gee name op vir die kerkraad van broeders wat geskik geag word, die kerkraad stel 'n lys van kandidate op, die gemeente kies die benodigde aantal ouderlinge, waarna die kerkraad hulle benoem en tot bevestiging oorgaan. Die hele aanstellingsprosedure lyk dus soos 'n suiwer menslike saak.

Maar dit is natuurlik nie waar nie. Soos blyk uit die eerste vraag van die bevestigingsformulier, moet ons deur die menslike handeling God se hand sien. Wanneer die aanstellingsprosedure voltooi is, is dit uiteindelik Hy wat die ouderlinge tot hul diens geroep het.

Ons kan so sê dat die ouderlinge deur Christus aangestel is. Christus is die hoof van die kerk, sy liggaan (Kol 1:18) en die Opperherder (Pet. 5:4). Hulle kan dus as Christus se geskenke aan die gemeente gesien word (vgl. Ef. 4:11)

Die ouderlinge en die gemeente

Die ouderlinge is dus deur God aangestel, en vorm saam met die bedienaar van die Woord en die diakens die regering van die kerk (NGB art. 30). Mens mag dink dat hulle plaasvervangend vir of namens die gemeente optree. Tog het die gemeente 'n groter taak as net die verkiesing van ouderlinge. Wat binne die gemeente gedoen moet word, is nie alleenlik die verantwoordelikheid van die ouderlinge nie. Daar is groot ooreenkomste tussen die take van

die ouderlinge en die van die res van die gemeente, soos blyk uit die volgende:

Die ouderlinge het die opdrag om daarop uit te wees om die gemeentelede gedurig met God se Woord te vertrou, te onderrig en tereg wys. Maar in 1 Tess 5 word, nadat verklaar word dat die ouderlinge leiding gee en tereg wys (vs. 12), ook aan die gemeentelede die taak gegee om mekaar te bemoedig en tereg te wys (vs. 14).

Die ouderlinge (en diakens) het die opdrag om al die gemeentelede sistematies en reëlmstig te besoek. Dit beteken nie dat die nie-ampsdraers niks met die ander gemeentelede te doen hoef te hê nie. Volgens Sondag 21 van die HK het almal juis die opdrag om hul gawes "tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend". Hulle is dus, soos die ouderlinge, maar op 'n meer beperkte manier, verantwoordelik vir die ander gemeentelede.

Die ouderlinge het die opdrag om die tug toe te pas, en om iemand uiteindelik van die gemeente af te sny indien daar geen bekering is nie. Maar die begin van die tugproses is gewoonlik wanneer 'n gemeentelid by 'n medegelowige 'n spesifieke sondige gewoonte raaksien, en hom daarvoor vermaan. Die ouderlinge bly hier buite, en word slegs na etlike vermanings sonder bekering betrek (Matt. 18: 15-17). So het die gemeentelede ook die taak om te bid vir 'n persoon wat onder die tug geplaas word. Om tot 'n punt te kom; die ouderlinge is deur God geroep tot 'n belangrike en hoë taak, nl. die regering van sy gemeente. Maar net so het God elkeen van sy gemeentelede geroep tot sy diens. Daarom moet ons (mag ons!) die gemeenskap van die heiliges beoefen deur mekaar op bogenoemde wyse te dien, in afwagting op die koms van Christus se koningryk.

Hy sien vanuit die hemel om na sy gemeente, en maak daarby gebruik van die ouderlinge.

ONS VERHOUDING MET ONS OUERS

Padda van der Vinne

As kind groei jy op in 'n gesin en jou ouers voed jou op. Maar hoe moet jy optree teenoor jou ouers? Hoe is die verhouding met ons ouers, en hoe moet dit wees? In die vyfde gebod staan daar dat ons ons vader en moeder moet eer en gehoorsaam wees. God plaas groot klem daarop...hoekom is dit so?

Hoekom is die gesin belangrik?

Jou ouers ontwikkel by jou 'n sin vir waardes en respek vir gesag. As daar geen Christelike waardes aan 'n kind geleer word nie, hoe gaan dié kind dié waardes deel van sy lewe maak en dit weer later aan sy kinders leer? Dit word dus binne die gesin gekweek. Hoe ons onself en ander mense om ons sien ontwikkel as ons opgroei.

As 'n kind nie kan terugval op 'n harmoniese gesinstruktuur of 'n geestelike agtergrond nie, gryp hulle na die onrype vorme van "liefde" wat in oorfloed aangebied word in hierdie wêreld, sonder dat hulle in staat is om hulle verantwoordelik te gedra. Soos 'n ongebore baba nege maande die beskerming van die liggaam van die moeder nodig het, so het die gebore kind die jarelange beskerming van 'n gesin nodig, die opvoeding deur die ouers en omgang met broers en susters.

Wees gehoorsaam

Die vyfde gebod handel direk oor intermenslike verhoudings. Maar hier gaan dit nie oor "vryheid, gelykheid en broederskap" nie, maar eerder oor "ongelykheid" in posisie. Dit handel oor gehoorsaamheid, onderdanigheid en eerbetoning.

God alleen gee gesag. In Rom. 13: 1 staan: "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel. God gee gesag aan mense, om sy soewereine gesag op aarde uit te oefen. Dus in die verhouding tussen ouers en hul kinders, gaan dit nie oor die ouers se gesag nie, maar oor die van God. As ons ouers ons straf, dan straf God. As ons ouers ons vermaan of waarsku, dan vermaan en waarsku God. Daarom moet ons aan ons ouers alle eer, liefde en trou bewys, want ons bewys dit dan aan God.

Maar onthou dat die mens sondig is en dat daar onverantwoordelik met die Godgegewe gesag omgegaan kan word. Onthou: GOD ALLEEN het TOTALE gesag oor die HELE lewe en NIE die mens NIE. Reëls moet gehoorsaam word - so leer 'n kind gesag respekteer. Maar daar mag nie misbruik gemaak word van die gesag nie. Efesiërs 6: 4 sê: "En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die HERE DIT WIL", dus nie soos EK dit wil nie. Gesag moet nooit onregverdig en liefdeloos wees nie, dit moet saamgaan met respek en eer.

Eer en respek.

Eer jou vader en moeder... Eer beteken 'om swaar te weeg' - om 'n groot gewig op iets te plaas. Dit beteken nie dat ons groot laste op ons ouers moet lê nie, maar eerder om groot waardes en eer aan ons ouers te heg.

Ons moet mekaar respekteer omdat ons nie daarsonder met mekaar kan leef nie. Respek en eer moet in ons familiekring gehandhaaf word, maar dit kan nie geskied as daar geweld, kruheid, vervloeking en mishandeling aanwesig is nie. In Levitikus 20: 9 lees ons: "Wanneer iemand sy pa of ma vloek, moet hy doodgemaak word." Dit wys hoe belangrik die vyfde gebod vir God is. Eer en respek vir ons ouers is noodsaaklik om orde in die gemeenskap te handhaaf. As daar 'n gebrek aan respek is en as daar geen gesag is nie, waar op aarde gaan kinders respek leer...? Maar dan moet ons bereid wees om ons aan die gesag van ons ouers te onderwerp en ouers moet hulle gesag onder God oordeelkundig uitoefen.

Liefde

Liefde is seker die belangrikste, want wat is respek en eer sonder liefde? Ons moet vir ons ouers sê dat ons hulle liefhet. Dit help nie om te sê: "maar hulle weet ek het hulle lief" nie. God het ons ore gegee juis sodat ons dit kan hoor. Ons moet hierdie dinge hoor en die gevoel van teerheid in ons lewens ervaar.

Die probleem van menseverhoudings lê in die hart wat moet verander. Ons moet ons hart in die hande van God plaas en nie vir onself lewe nie.

Belofte

Kyk na die seën gekoppel aan die vyfde gebod... “dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.” Is dit nie wonderlik nie! Maar ons moet waarlik in God en in die belofte glo; en waar kry jy hierdie geloof vandaan? God leer ons om te glo deur ons ouers. Die ouers staan in die gesin as diensknegte van die Heilige Gees, as sy instrumente om die kinders Christelik en godsalig op te voed. Ouers ontvang die amp om hul kinders te lei tot Christus in volle omgang, dus om die kinders bekwaam te maak tot hul ampsdiens.

Ons moet volhard in ons geloof en gebed. Bid vir krag om jou vader en jou moeder te gehoorsaam en te eer, want uit onself kan ons dit nie. Ons is net tot die slegte in staat, maar met God se genade en liefde kan ons berge versit! Bid ook vir jou ouers, dat God hulle sal lei in hulle amp.

Wie na die Woord luister en dit glo, sal gerus woon, veilig teen die verskrikking van die bose. Want God regeer! En al sal ons weg deur trane gaan, sal Hy alle trane laat verdwyn.

VOOR EN NA DIE SONDEVAL

Erika Ros

Na die sondeval moes die vrou haar aan haar man onderwerp. Dit is die teenoorgestelde as wat in die paradys die geval was – daar het sy die leiding geneem (met die eet van die vrug) en haar man het haar gevolg. In die paradys het die vrou dus nie haar man as haar hoof en God as die man se hoof erken nie. Die gesagstruktuur, wat reeds voor die sondeval daar was en tydens die sondeval gebreek word, word na die sondeval herstel.

Iets soortgelyks kan in verband met die slang gesê word. Party mense is van mening dat die slang nooit op sy buik in die paradys geseil het nie, omdat hy ‘n dienaar van die satan was. Calvin is dit egter nie eens met hierdie stelling nie. Volgens hom is daar ‘n sekere kontinuïteit in die Bybel soos byvoorbeeld die status van die man en die vrou wat voor en na die sondeval onveranderd gebly het. Net so ook met die slang. Die slang se eienskappe verander nie drasties na die sondeval nie. Hy bly ‘n gewone slang, deel van die natuur. Die straf van die slang lê opgesluit in die vers in Genesis waar gesê word dat sy kop deur die saad van die vrou vermorsel sal word. In hierdie vyandskap word selfs baie meer opgesluit – kyk na Openbaring 12. Na die sondeval is die verhouding tussen die



mens en die slang versteur en word die slang ‘n gevaar vir die mens.

Net so ook met die wilde diere. Vanaf kleintyd word aan baie van ons geleer dat daar vrede in die paradys was. Dit beteken dus ook dat die wilde diere in vrede met mekaar gelewe het. In baie kinderbybels kom hierdie idee ook na vore.

Indien dit so was, sou die olifant dus geen bome plat getrap het nie en sierlik oor en om aale bome heen gewandel het. Alle planteters sou hulle waarskynlik oorbeskaaf gedra het. Dan het tiere en leeus seker gras ssos ‘n bok geëet en die koei eers ‘n wurmpie versigtig eenkant gesit voordat hy verder gewei het. Dit veronderstel dat die diere nie na hul aard geskape is nie. Die skerpioen en ander roofdiere het dan seker na die sondeval met ‘n tweede skepping ontstaan.



In die skeppingsverhaal in Genesis staan dat die diere volgens hulle soorte (Ndl teks: naar hun aard) geskape is (ook in vs. 25). Dit wys dus vir ons die verskillende karaktereieenskappe van die soorte diere! Hier word nie net na vreedsame eienskappe van die soorte diere! Hier word nie net na vreedsame eienskappe verwys nie – anders sou dit mos aangedui gewees het – maar na alle eienskappe van die dier.

Psalm 104:26 verwys na die leviatan as ‘n dier wat deur die Here geskape is. In Job 41:24 word hy ook ‘n skepsel genoem. Die Here wys vir Job wat die aard van die dier is: - dit is nie geskik as speelgoed nie (40:24), - ongeskik as huisdier (40:23), - ‘Sit jou hand op hom; dink aan die geveg; jy sal dit nie weer doen nie’ (40:27). Die leviatan het vanaf sy skeppingsdag hierdie selfde aard. Sy karakter verander ook nie ewe skielik na die sondeval nie.

Ons sien dus die kontinuïteit in die Bybel en kan die gevoltrekking daaruit maak dat sekere dinge in die paradys na die sondeval onveranderd gebly het. Dit impliseer dus ook dat vleisetende diere geskape is.

WERKSETIEK

Renier Raimond

Werksetiek is 'n redelike breë begrip. Etiek is 'n onderdeel van die wysbegeerte wat handel oor sedelike gedrag en waardes. Werksetiek het te doen met jou (werks)verhouding teenoor jou mede werknemers en werkgewers.

Is ons vanuit 'n christelike oogpunt gesien, verplig om te werk, of is dit 'n reg om te werk? In kommunistiese lande is daar feitlik geen werkloosheid nie. Daar voorsien die staat almal van werk. Maar dit beteken in baie gevalle dat jy geen beroepskeuse het nie. Dit kom feitlik daarop neer dat jy gedwing word om sekere werk te doen. In die "ou" Sowjet-Unie is nie alleen die plig tot werk nie maar ook die reg daarop in die grondwet vasgelê. In kapitalistiese lande het elke persoon 'n vrye keuse vir 'n beroep, maar dit beteken dat daar wel werkloosheid in die lande is. Die welvaartspeil in kapitalistiese lande is wel hoër ondanks al die werkloos. Die produktiwiteit van die werksmag is baie hoër as die van kommunistiese lande. Werkloosheid is nadelig vir die gesonde ontwikkeling van die mens en sy samelewing.

Mag ons staak? Ons het mos 'n reg om te staak? Daardeur kan ons ons griewe hoorbaar maak aan ons werkgewer. Daar is ander maniere om griewe of onteverredenheid hoorbaar te maak. Dit kan deur jou werksunie gedoen word. Maar baie keer word stakings misbruik om eise op die werkgewer af te dwing. Soms is die eise onverantwoordelik en kan dit lei tot die val van 'n maatskappy, veral in lande met 'n swak ekonomie. Aan die ander kant misbruik sekere werkgewers hulle regte deur sy werknemers nie te betaal volgens hulle kwalifikasies nie. Vanuit

'n christelike oogpunt dink ek in beginsel mag ons nie staak nie.

Wanneer mag ons op Sondag werk? Rekenaar netwerke en stelsels moet sewe dae 'n week onderhou word. Dan verwag 'n werkgewer van jou om ook op Sondae te werk. Nog 'n voorbeeld is dat vliegtuie sewe dae in 'n week vlieg en ook onderhou moet word. Dan verwag 'n werkgewer dat jy beskikbaar is om op Sondae die onderhoudswerk te doen. Dit is 'n moeilike vraag om te beantwoord. In noodsaaklike dienste soos mediese dienste het jy die plig om na jou medemens om te sien. In Europese lande het hulle wetgewing wat mediese personeel verbied om te staak. Daarom speel beroepskeuse in hierdie gevalle ook 'n belangrike rol. Ons moet wel onthou dat God die Hemel en die aarde in ses dae geskape het en op die sewende dag gerus het. Daarom moet die sabbatsdag geheilig word.

Ten slotte moet ons onthou dat God ons as rentmeesters oor die wêreld aangestel het. Ons moet ons werk doen tot eer van God. Ons moet werk om onself en ons gesin te kan onderhou. Daarby moet ons ook nie van die armes en bejaardes vergeet nie. In Gen 3:19 lees ons: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet, want van stof is jy gemaak en tot stof sal jy terugkeer". Die dood bring 'n einde aan ons werk wat ons op aarde verrig het, maar daardeur gaan ons deur na die Ewige lewe saam met God.

Bronne:

De maatschappij in vrede deur J. Douma.

De tien gebode deur J. Douma.

Voel jy ook so?

GENETIESE SIEKTES

Iman van den Bout

DIE ETIESE DILLEMMA UIT 'N CHRISTELIKE OOGPUNT

Almal van ons ken sekerlik iemand wat aan een of ander oorerflike siekte lei. Voorbeelde is Down sindroom, Alzheimer, spier distrofie en Huntington's chorea. Hierdie siektes of variasie daarvan word almal veroorsaak deur foutiewe gene of kombinasies van gene in ons liggaam. Die siektes is oordraagbaar of oorerflik omdat

die ouers die gene aan die kind skenk wat die siekte het. Die ouers hoef egter nie self siek te wees nie.

Genetiese siektes kom ook op verskillende tye in 'n mens se lewe tevoorskyn. Sommige soos huilende kat siekte is al sigbaar in die pasgebore

kind. Ander siektes soos Attzheimers en Huntington chorea verskyn weer in die middel jare en lei tot 'n voortslepende verswakking van die persoon se senuwee stelsel.

Hierdie byna onbekende gebied het dus duidelik 'n groot impak op ons lewe. Rondom hierdie siektes is daar baie etiese vrae waarvoor ons as christene ook moet dink. Om my punt te illustreer het ek 'n paar scenarios neergeskryf. U kan oor hierdie situasies gaan nadink en kyk of u 'n antwoord kan kry op die probleme wat hier gestel word.



Scenario 1

Ontmoet Hubert en Yolandi. Die twee is baie lief vir mekaar en wil graag trou en ook kinders hê. In Hubert se familie kom 'n genetiese siekte voor wat kinders van geboorte gestremd laat en hulle toestand verswak sodat hulle teen hul vyftiende jaar sterf. Hubert is 'n draer van die geen en daar is 'n 70% kans dat hulle 'n kind met die siekte sal kry.

Wat moet Hubert en Yolandi doen?

Moet hulle nog steeds kinders kry en dan hoop en bid dat die kinders gesond sal wees? Moet hulle besluit om nie kinders te hê nie, en dan kinders aanneem?

Of is daar nog ander opsies?

Wat is die Christelike verantwoorde keuse?

Kan ons vasgestelde riglyne neerlê vir sulke gevalle of moet elke geval apart beskou word?

Hoe gradeer ons die ergheid van 'n genetiese siekte?

Is Alzheimer erger as Downsindroom?

Scenario 2

'n Paartjie kry 'n kind en na 'n genetiese screening word die kind met Huntington's chorea gediagnoseer. Dit beteken dat die kind, as hy veertig is, sal begin verswak en sy senuwee sisteem en brein sal afbreek totdat hy heeltemal bedlêënd is en dan sterf. Die ouers weet dus dat hulle kind siek is. As die ouers hom nie van sy siekte vertel nie, gaan hy waarskynlik volwasse word, trou en kinders kry voordat die eerste simptome begin wys. Teen hierdie tyd weet hy dat hy Huntington's chorea het en die kans dat een van sy kinders die siekte het is 50%. Moet die ouers van die kind vir hom vertel dat hy aan hierdie siekte ly?

Moet hulle dit van hom weerhou en maar hoop dat hy nie eendag kinders kry nie?

Hoe moet hulle hierdie situasie aanpak?

Belangriker nog, hoe sou u hierdie situasie hanteer?

Ek volstaan met slegs hierdie twee gevalle. U sal kan insien dat daar duisende verskillende gevalle is waar daar telkens van ons verwag word om as christene die regte besluit te neem. Dit is allermins 'n maklike vraagstuk waar een standaard antwoord of riglyn voor uitgewerk kan word nie. Hopelik stimuleer hierdie gevalle u om aan nog vrae te dink waarvoor ons kan dink. Wat duidelik is uit hierdie vrae is dat christenskap nie vanselfsprekend is nie, maar dat ons daaglik voor moeilike keuses geplaas word waar ons nie net 'n ge-eikte antwoord voor gereed kan hê nie. HOE VOEL JULLE?

DINGE WAT MENSE DOEN

Hilde Ros

Daar is baie dinge in die lewe wat mens aspris doen of aspris nie doen nie. Net so is daar baie dinge in die lewe wat mens per ongeluk doen of per ongeluk nie doen nie. Dit het verskeie oorsake. So is daar ook baie dinge in die lewe wat mens MOET doen, maar jy wil nie, is nie lus nie en het nie die energie of krag of wat ook al nie. Soos om 'n stukkie vir die Olielamp te skryf, wat ek nou doen. Party dae sit jy en broei en broei, maar die kuiken wil maar net nie uitbroei nie en ander dae breek jy sommer die eier.

Persoonlik dink ek dat daar ontsaglik baie dinge is wat gedoen MOET word, maar NIEMAND wil nie, of net een of twee wil wel, maar gou is die groepsdruk daar (of praat ek twak?) en alles val

deur die mat. Die dinge wat gedoen moet word, moenie gedoen word omdat jy anders 'n boete kry, of uitgestoot gaan word of wat ook al nie, maar moet gedoen word omdat die Here dit van ons vra.

En nog 'n waarheid: baie keer weet jy, of jy dink jy weet dat iets gedoen moet word, maar nou is jy nie lus nie of skaam en op die end doen jy dit tog en dan is dit AAKLIG. Maar die Here vra dit dan van ons!! Waarom is dit dan nie lekker nie?!?!?!?

Ek sou sê dat dit die bese geeste, die duiwel is. Want as mens aanhou om dit te doen wat die Here van jou vra en aanhou om tot Hom te bid om vir jou die krag en bereidwilligheid te gee om dit te doen wat Hy van ons vra, word dit om die

waarheid te sê rerig LEKKER en begin jy dit geniet om so baie van die Here se goedheid te ervaar en die vreugde om God beter te leer ken.

Hierdie baie dinge in die lewe wat gedoen moet word omdat God dit van ons vra kan elkeen van ons self invul. En dit begin by jou persoonlike lewe: Bybelstudie, gebed, jeugverenigingsaande en deelname aan die aktiwiteite en sprekersaande wat gereël word. So ook maats, wat ook kinders van God is, met wie nie met liefde omgegaan word nie, gaste in die gemeente wat aangekyk en AANGEKYK word sonder om te gaan kennis

maak en belangstelling te toon, jou boetiese... en gaan maar voort. Ek sou nog honderde kon opnoem.

Dalk is al bogenoemde 100% in jou lewe, miskien ook nie. Maar dit is nie vir my of enige iemand anders om vir ander te besluit of te oordeel nie.

Laaste gedagte: wie 'n ander bly maak, is self gelukkig.

Dankie vir die aandag

Rehoboth

DIE OLIELAMP IN RUSLAND

Dirk Boon

Verplaas jouself vir 'n oomblik terug in die geskiedenis. Verbeel jou jy is êrens in 'n Russiese dorpie waar die ysige wind onbarmhartig deur jou klere sny. Die lug is een groot ondeurdringbare grys massa en alles word deur spierwit sneeu bedolwe, ook 'n kerkie wat daar naby staan. Net langs die kerkie is 'n doeanegeboutjie waar 'n groot rooi vlag hardnekkig in die wind wapper. Ja, dit is nogal ironies: 'n Kommunistiese instelling langs 'n klein met sneeu oorlaaide kerkie. Gevolgtrekking: geen godsdiens-vryheid, geen kerkdienste, geen Bybels, geen Christelike lektuur.

Is hier dan gelowiges? Het hulle wel Bybels om te lees, diep in hul binnekamers in die middel van die nag by 'n klein flou liggie? Het hulle enige verwarmende verwysings na iets waarin hulle nie mag glo nie? Is daar medegelowiges wat hulle in hul stryd van elke dag kan ondersteun? Daar is al beweer dat daar gelowiges in hierdie dorpie was wat net één bladsydjie uit die Bybel besit het, en dat hulle dit uit hul koppe geken het. Omdat die Here daardeur met hulle gespreek het, die roepstem van verlossing, waarna hulle nie mag luister nie.

1998. Die son skyn behaaglik warm deur die goud getinte blare bokant jou stoep. Die weersvoorspelling is gunstig vir die volgende week in Suid-Afrika. Die telefoon lui. Dis 'n vriend wat vra of jy Sondag kan kom koffie drink na kerk. Hy het nogal probleme met een van die ouderlinge in die kerk. Dit veroorsaak dat hy nie meer met blydskap kerk toe gaan nie. Watter boek sou mens kon gebruik om meer oor hierdie

situasie te wete te kom? O ja, daar was 'n mooi artikel oor die onderwerp in verlede maand se kerkblad. Kan miskien ook nog gou die dominee bel om bietjie raad te kry.

As mens vinnig die Russiese en Suid-Afrikaanse situasies vergelyk, wie is die meeste bevoorreg? As ons na ons direkte kerklike omgewing kyk, is daar 'n tekort aan hulpmiddels wat die Here aan ons gegee het sodat ons sy kinders kan bly? Is ons nie geweldig begenadig deur die Here met hulpmiddels wat ons help by ons roeping om as sy kinders te lewe nie? Dit sou vir enigeen van ons moeilik gewees het om sonder 'n Bybel klaar te kom as jy in die Russiese situasie was.

Jy het hierdie jaar ingeskryf vir die Olielamp. Nou is my eerlike vraag aan jou: Hoe lees jy die Olielamp? Is dit vir jou 'n hulpmiddel in die geloof? Lees jy dit om meer te leer oor sosiale dinge waarmee die jeug besig is? Lees jy dit omdat dit interessant is? Of om miskien die artikel wat jyself geskryf het weer 'n keer te lees?

Soms voel jy dat hierdie of daardie persoon in een van die redaksies nie in jou smaak val nie, dus vind ek die Olielamp nie so 'n wafferse blad nie. Of jy hou glad nie van die idee van 'n nasionale jeugblad nie. Selfs die naam van die blad kan jou afsit, en veroorsaak dat jy nie meer die blad wil lees nie. Of daar is artikels in die blad wat jou afsit omdat dit volgens jou voorskriftelik (of so iets) voorkom.

Maar sien jy dan nog regtig die doel in die Olielamp? Dat hier 'n uitstekende geleentheid is

om mekaar as jeug in ons geloof te bou? Dit kan wees deur artikels te skryf, of om bloot net die blad te lees en te gaan nadink oor die dinge waaroor geskryf is. Ons kan vir mekaar hande en voete wees oor 'n groot afstand. Iemand in Johannesburg kan byvoorbeeld 'n artikel skryf oor 'n onderwerp waarmee mense in Kaapstad en Pretoria baie probleme het. So kan ons ook één stem laat hoor oor wat ons glo en op kragtige manier aan ander mense in ons direkte omgewing (skool, technikon, kollege, universiteit, werk) laat sien hoe Christus ons hele lewe beheers. En dan kan ons ook nog goeie kontak behou onder mekaar as jeug op meer sosiale vlak. Dit is dus nodig om te sien watter waarde die Olielamp het in ons daaglikse geloof. En dan vra die Here van ons om verby die naam van die blad, of die redaksies daarvan te kyk. Dan moet ons insien dat die Here ons hierdie moontlikheid gee **OM TE GEBRUIK!**

Natuurlik! Die redaksies bestaan uit sondige mense, en die blad is ook vol gebreke. Maar die redaksies doen baie moeite om die blad uit te bring. En as hulle dit nie doen nie, kan mens tog daarvoor bid en daarvoor praat sodat dit

weer kan regkom? Die redaksies het 'n groot verantwoordelikheid wat hulle moet nakom. Daarom is enige nuwe voorstelle baie welkom. En al het jy geen voorstelle nie, lees die blad en gebruik dit as instrument om die Here te dien sowel as jou naaste.

Die blad het verder 'n groter omvang as die Wapenrusting of die Rehoboth. Dit gaan dus moeiliker wees om die blad in een keer deur te lees. Daar is niks mee verkeerd om die blad in een keer deur te lees nie. Maar die blad het baie min waarde as jy hom in een keer deurlees en dan van hom vergeet. Lees hom weer, gebruik hom in die Jeugvereniging, laat ander mense hom lees ens. Die Here gee aan ons hierdie instrument, tussen 'n klomp ander in die gemeenskap van die heiliges, om te gebruik. Ten eerste om Hom as ons Vader elke keer beter te leer ken, en net soveel om vir mekaar in die geloof te bou. So kan ons uit dankbaarheid die warmte van God se verlossingsdade aan mekaar laat sien in die gemeenskap van die heiliges waarin Hy ons geplaas het.

JEUG "QUOTES"

Hierdie is 'n kort samestelling van vrae wat ons op een dag aan verskillende jeuglede gevra het. Dit wys so 'n bietjie hulle "algemene kennis". Die antwoorde verskyn onderaan.

Wie is Surisaddai in die Bybel?

- * Een of ander knakker -Frank-
- * Wat? Moses se tweede naam -Karen-

Wat is die kriegeltelling vandag? (onthou dis Sondag vandag)

- * 123 vir 3 -Erik-
- * 221 vir 3 -Clara-

Wie is Kofi Anan?

- * Hoe die hek moet ek weet? -Antionette-
- * Ek het al daai naam gehoor, maar ek weet nie waar nie -Lieneke-
- * Is dit 'n wie of 'n wat? -Corrien-

Hoe oud is Nelson Mandela?

- * Nie 'n kat se clue nie -Sonja-
- * 80 -Riaan-
- * 78 -Roseanne-

Wat is Bach se bekendste werk?

- * Waterorrel -Sandra-
- * Fireworks -Marco-
- * Tubthumping -Jacques-
- * Nie 'n clue nie -Magda-
- * 17e cantata, "Jy vat my vir 'n popo man!" -Riaan-